

Gemeenskapsvertaalpraktyk: Gewone taal vir die hervertaling van 'n bankteks

Adriaan Cupido en Harold Lesch

Adriaan Cupido en Harold Lesch, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Suid-Afrika is 'n land waar Engels geredelik as voorkeurtaal of oorbruggingstaal in verskeie openbare domeine gebruik word. Een van daardie domeine is die bankwese. Hierdie toedrag van sake is egter problematies, veral as daar gekyk word na die statistieke rakende die taalverspreiding in Suid-Afrika.

Die Suid-Afrikaanse regering het verskeie wette, onder andere die Wet op Verbruikersbeskerming en die Nasionale Kredietwet, uitgevaardig. Hierdie wette stipuleer duidelik dat enige geskrewe kommunikasie, ingesluit in die bankwese, in gewone taal beskikbaar moet wees, en dat verbruikersdokumente toeganklik moet wees vir elke kliënt. Dit bepaal dus dat dokumentasie beskikbaar moet wees in taal wat die kliënt verstaan. As gevolg van die wyd uiteenlopende geletterdheidsvlakke in Suid-Afrika is dit ondoeltreffend om dokumente bloot direk in die verskillende tale te vertaal sonder om bykomende aanpassings aan te bring om te verseker dat die kliënte met wisselende geletterdheidsvlakke geakkommodeer word. Hierdie wetgewing het ten doel om te verseker dat openbare deelname en toegang tot inligting bevorder en aangemoedig word. Indien kliënte nie die dokumente wat hulle ontvang, verstaan nie, is hulle nie in 'n posisie om ingeligte besluite te kan neem of aktief in die samelewing te kan deelneem nie.

Die doel van hierdie studie is om 'n hervertaling van 'n bestaande bankteks te doen en die beginsels van gewone taalgebruik en gemeenskapsvertaling toe te pas ten einde 'n vertaling te skep wat toeganklik en verstaanbaar is vir beide die ingeligte en oningeligte leser. Die hervertaling word dan ook geannoteer om die verskille tussen die oorspronklike Afrikaanse vertaling en hervertaling uit te lig, en te beklemtoon watter rol gewone taalgebruik en gemeenskapsvertaling speel in die beskikbaarstelling van verstaanbare dokumente in die openbare domein en die bevordering van openbare deelname en billike toegang tot inligting.

Trefwoorde: gemeenskapsvertaling; gewone taal; hervertaling; indirekte vertaling; tegniese teks

Abstract

Community translation. Plain language for the retranslation of a banking text

In South Africa, English is readily used as a bridging language in various public domains, including the banking sector. Various laws, including the Consumer Protection Act and the National Credit Act, clearly stipulate that any written communication, particularly in the banking sphere, must be made available in plain language, and that banking documentation should be accessible to every client. These legislation was instituted to ensure that the public make informed decisions and have access to information. If clients do not understand the documents they receive, they are not in a position to make informed decisions, or to participate actively in society. It also determines that documentation should be available in the language the client understands. However, it is not enough to translate these documents into the various languages without making additional adjustments to accommodate the various literacy levels of the diverse clientele.

Since 2004 banks have had to ensure that all relevant documents are readily available in all official languages. Due to high levels of low literacy and complete illiteracy in South Africa, the bottom segment of banking clients still struggle to fully grasp the content of the available documents. This supports the view that in every linguistic community there are often linguistically marginalised individuals who do not have the ability to interpret information correctly. A large part of this bottom segment of banking clients informally make use of the bank security personnel to act as interpreters to bridge the communication gap because most of the individuals who fall within this segment have limited comprehension in English and bank documentation is not always accessible to them, according to Pienaar (2006a:135–6).

Mindful of the abovementioned background, this study attempts to investigate the effectiveness or lack thereof of texts translated into Afrikaans in the banking sector to determine whether a functionalist translation approach within this context would be able to make a contribution towards improved accessibility, efficiency and the realisation of effective communication within this sector. A retranslation of an appropriate Afrikaans banking text is investigated with the aim of improving reader comprehension and accessibility by applying aspects of plain language and community translation (Cornelius 2012 and Lesch 2012).

This study uses the functionalist model of translation as theoretical framework as starting point. This framework supports the notion that the context in which a text functions and meaning-making are inseparable from each other. Within this model the focus is primarily on the function of the target text, and the translator is mindful of the appropriateness of the translation. The emphasis is therefore no longer on the lexical and grammatical constructions, but rather on the function of the text within the communicative situation. According to Nord, the commissioner is the initiator of the translation process, as he provides the translation brief that contains the aim and *skopos* of the translation.

In contemporary South Africa language practitioners are experimenting with plain language to rewrite, among others, legislation to make the information available to the broader community. The rationale behind this is to simplify legislative texts that are usually characterised by incomprehensible technical jargon. According to Viljoen and Nienaber (2001:9) plain language is a recent initiative within the South African context and it is considered to be a means to effectively convey information to the marginalised language user. Plain language, according

to Cornelius (2010:171), is a way of writing where certain interventions are made on a complex text to ensure that the text is on a par with the linguistic competency of the target text reader. The aim is therefore to simplify technical and complicated content to make it more meaningful for the target text reader.

Community translation practice also finds relevance in the South African context as translators have also been experimenting with this type of translation activity since the 1980s. The primary aim of this translation practice is to take into account and prioritise the linguistically uninformed target text reader during the translation process (Lesch, 2014:131–2). According to Lesch (1999:92), community translation is an approach where the needs of the reader are placed on the forefront and prioritised. This approach is exclusively reader-oriented. According to Taibi and Ozolins (2016:1) community translation is a genre that is still finding its niche. The types of texts that are usually translated by a community translator are informative and are typically created by various social agents, including private organisations, to ultimately ensure communication with all citizens to empower them and to guarantee their participation (Taibi and Ozolins 2016:7). Community translation is an attempt to rectify the imbalance that exists within the communicative situation and therefore this translation approach can be placed within the functionalist framework of translation theory. The context in which the reader finds himself plays a determining role in the choices the translator has to make during the translation process to realise efficient communication through the translated text.

Community translation and plain language are two complementary research fields, since there are many overlapping aspects between the two fields. Both language practices strive towards accessible, intelligible and efficient communication. In every communication situation one will find linguistically marginalised communities or role players that do not have the ability to interpret information successfully. Both community translation and plain language focus on simplicity and comprehensibility of information without depriving the document of any factual content. Lesch's (2012:153–68) norms for community translation which were developed in 1999, speaks to the overlapping between these two research fields.

Against this background the objective of this article is to analyse a retranslation of a technical text beside the principles of plain language and community translation. The retranslation is analysed to determine the type of changes and adjustments the translator had to bring about during the retranslation process to provide a document that is clear, accessible and comprehensible. The goal of this study is therefore an attempt to make a contribution to providing a document that is readily available in plain language by using the principles of both research fields.

This study is divided in two parts: a theoretical and analysis section. The theoretical part entails a literary overview of relevant translation theories. The research of translation scholars such as, among others, Nord, Lesch and Taibi will play a dominant role. The Code of Banking Practice of South Africa as well as previous research will be explored to give a presentation of language use in the South African banking sector. This theoretical framework serves as a basis for the analysis of the retranslation.

This study confirms that Afrikaans technical language is characterised by difficult and complex sentence structures and other lexical and grammatical constructions which ultimately render technical documents incomprehensible and inaccessible. Legalese is exclusive as it brings about an imbalance between the author of a legal document and the layperson. Legalese is very

challenging and places considerable strain on the cognitive processing by the intended reader, but principles of plain language and community translation can play a role in addressing this. In the process, the two disciplines are also brought closer to each other.

Keywords: community translation; indirect translation; plain language; retranslation; technical text

1. Inleiding

Engels word geredelik aanvaar as die voorkeurbindingstaal ten spyte van die grondwetlike vereiste wat 'n veeltalige bedeling in ons land voorskryf. Hierdie praktyk is nie sonder probleme nie, aangesien 'n baie klein persentasie (8,3%) volgens Sensus 2016 (StatsSA 2016) van die bevolking moedertaalsprekers van Engels is. Die meerderheid van die bevolking wat Engels as bindingstaal (d.i. die taal wat sprekers bind en 'n gevoel van samehorigheid bied onder burgers) en voertaal (d.i. die taal wat afgespreek is vir kommunikasiedoeleindes tussen sprekers van verskillende agtergronde) gebruik, is tweede- of derdetaalsprekers wat oor wisselende taalvaardighede in Engels beskik. Die verwysing na “wisselende taalvaardighede” beteken dat diegene wat hulself in Engels uitdruk nie noodwendig almal 'n goeie beheersing daarvan en taalvermoë daarin het nie (Pretorius en Mampuru 2007:42; Bernhardt en Kamil 1995:17).

Gebrekkige taalbeheersing kan lei tot ondoeltreffende kommunikasie en die vraag is of dit enigsins moontlik is om hierdie diversiteit in een taal, Engels – wat deur 'n baie klein gedeelte van die bevolking selfs op tweedetaalvlak verstaan word – te akkommodeer. Om ondoeltreffende kommunikasie te voorkom en kulturele begrip en diversiteit te bevorder, behoort veeltalige taalpraktyk aan die orde van die dag te wees. Die sensusdata (StatsSA 2016) toon dat Engels dikwels as oorbruggingstaal (d.i. die taal wat gebruik word om die kommunikasiegaping te oorbrug tussen sprekers van verskillende tale) gebruik word. Hierdie praktyk is egter nie onproblematies nie.

Hierdie taalwerklikheid kan ook in verband gebring word met die verskillende taalregisters (d.i. die woordeskat, grammatika, fonologie, ens. wat geskik is vir 'n bepaalde sosiale omgewing) van taalgebruikers. Beperkte geletterdheid en ongeletterdheid is 'n werklikheid en 'n groot uitdaging in die land. Dit hou implikasies in vir verskeie openbare sektore in die samelewing. Een daarvan is die Suid-Afrikaanse bankwese, wat toepaslike dokumentasie vir alle kliënte verstaanbaar en toeganklik moet maak. Indien slegs Engels as kommunikasiemedium gebruik word, kan dit ondoeltreffende kommunikasie tot gevolg hê. Die profiel van die verskillende kliënte met verskillende taalregisters en geletterdheidsvlakke noodsaak dat 'n doeltreffende vertaaldiens beskikbaar moet wees, omdat banke so 'n wye spektrum kliënte met verskillende taalbehoefes bedien. Dit sou beteken dat 'n enkele vertaalde Afrikaanse teks vir die generiese¹ Afrikaanse leser toeganklik behoort te wees. Die werklikheid is egter dat heelwat banktekste net vir lesers wat oor gesofistikeerde leesvaardighede beskik, bedoel word (bv. die sogenaamde welvaartskliënte). Van die groot banke in Suid-Afrika verdeel hulle tekste volgens lesersgehoere in kategorieë. Die kliënte wat net gewone transaksierekening, soos spaarrekening het, word dus getoë gekom wat taalgebruik betref. Ander kliënte (soos welvaartskliënte) is gewoon aan “onaangepaste” banktekste, want hulle het wye blootstelling daaraan (Cornelius (2016).

2. Doel van die studie en die metodologie

Die doel van hierdie studie is om te ondersoek tot watter mate doelmatige kommunikasie in die bankwese, soos deur die wetgewing vereis word, nagestreef word en of bestaande vertaalde Afrikaanse dokumentasie soos die bepalinge en voorwaardes vir 'n lopende rekening dit op 'n suksesvolle wyse weerspieël. Volgens Bank X² se statistieke is hul lopende-rekening-opsie een van hul gewildste kliëntebasiskeuses. Die bepalinge en voorwaardes vir lopende rekeninge is dus 'n dokument waarmee die meeste van hul kliënte gekonfronteer word wanneer hulle 'n transaksierekening by Bank X wil oopmaak.

Die ondersoek behels eerstens 'n noukeurige ontleding van die Afrikaanse vertaalde “Bepalinge en voorwaardes vir lopende rekeninge”-dokument. Hierdie ontleding sal aan die hand van die beginsels van gewone taalgebruik³ en gemeenskapsvertaling⁴ uitgevoer word. Tweedens sal die bestaande dokument hervertaal word in ooreenstemming met 'n noukeurige vertaalopdrag wat die ondersoeker self opstel. Die beginsels van beide gewone taalgebruik en gemeenskapsvertaling sal tydens die hervertaling ook aangewend word. Die hervertaling sal voorts ook geannoteer word om aan te dui presies watter aanpassings in die hervertaling aangebring is om die verstaanbaarheid en toeganklikheid van die dokument te verhoog.

Die onderliggende doelwit is om die gebruik van gewone-taal- en gemeenskapsvertalings-beginsels by mekaar uit te bring deur die herskepping van 'n Afrikaanse vertaalde teks in gewone taal. Hierdie studie onderskei hom van vorige studies (Pienaar en Slabbert 2002 en Van Schouwenberg 2004) deurdat dit juis na aanleiding van gewone taalgebruik en aspekte van gemeenskapsvertaling 'n bruikbare teks wil skep wat vir die leser meer bevatlik is.

Hierdie studie bestaan uit 'n teoretiese en 'n praktiese afdeling. Die teoretiese deel behels 'n verkenning van toepaslike vertaalteorieë wat die grondslag vorm vir die empiriese deel wat op die vertaling fokus en hoe dit in 'n bruikbare raamwerk geplaas word. Betreffende die empiriese deel is 'n hervertaling van 'n Bank X se bepalinge en voorwaardes vir 'n lopende rekening gemaak. Die hervertaling word voorafgegaan deur die vertaalopdrag wat noukeurig en met spesifieke instruksies deur die ondersoekers opgestel word. 'n Ontleding van die hervertaling word gedoen en die moontlike verskille en ooreenkomste sal in besonderhede gekategoriseer word. Hierdie hervertaling sal ontleed word om die doeltreffendheid van die taalgebruik te ondersoek en vas te stel watter pogings aangewend is om die teks(te) volgens die doelteksleser/-mark aan te pas.

3. Literatuurstudie

Hierdie studie neem die funksionalistiese model van vertaling as teoretiese uitgangspunt. Die funksionalistiese perspektief gaan van die veronderstelling uit dat die gebruikskonteks van taal enersyds, en betekenis andersyds, onlosmaaklik deel is van mekaar. Volgens Reiss en Vermeer (1984) en Vermeer (1986) (sien ook Lesch 2012:106) moet tekste nie as geïsoleerde taaluitinge beskou word nie, maar eerder as 'n onderdeel van die sosiokultuur waarbinne tekste tot stand kom. Daarom word vertaling as 'n aktiwiteit beskou waarin kultuur 'n onlosmaaklike rol speel. Nord (1992:40) voer aan dat vertaling dus nie meer as 'n linguistiese proses beskou moet word waartydens woorde en sinne van een taal na 'n ander oorgedra word, soos wat deur vroeëre teoretici soos Nida en Taber (1982) aangevoer is nie.

Binne hierdie funksionalistiese model is die fokus op die funksie van die doelteks, en die vertaler is meer bewus van en ingestel op die gepastheid van die vertaling binne 'n bepaalde konteks. Die klem is dus nie soseer op leksikale en grammatikale konstruksies nie, maar eerder op die funksie(s) van die teks binne die kommunikatiewe situasie. Volgens Nord (1992) is die opdraggewer die inisieerder van die vertaalproses. Die vertaalopdrag word ook deur die opdraggewer verskaf waarin die *skopos* en die doelwit vir die vertaling uiteengesit word.

Vermeer se skoposteorie en Nord se lojaliteitsbeginsel is relevant vir 'n studie oor vertaalde tekste in die bankwese, want die doelteksleser behoort tydens die vertaalproses in ag geneem te word. Die tegniese aard van “banktaal” asook die verstaanbaarheid daarvan behoort gebalanseer te word om 'n doeltreffende, verstaanbare en akkurate teks te lewer.

Vertaling is volgens die funksionalistiese benadering 'n kommunikatiewe handeling waar die funksie van die teks binne die betrokke konteks of kultuur voorrang geniet. Die doeltreffendheid van 'n vertaling word gemeet aan die mate waarin die funksie daarvan in die doelkultuur vervul word. Indien die doelteks se funksie binne die doelkultuur verwesenlik word, word die vertaalhandeling as doeltreffend of suksesvol beskou (Nord 2006b:43).

In hierdie benadering word daar op die doelteks klem gelê en op die funksie wat dit in die doeltaal behoort te vervul. Dit is om hierdie rede dat vertaling as 'n vooruitskouende handeling gereken word. Ouer vertaalteorieë, soos die linguistiese vertaalteorie, het die klem hoofsaaklik op die bronteks geplaas en daarom 'n meer terugskouende benadering tot vertaling ondersteun. Nord (1997:4–5) tref verder 'n onderskeid tussen dokumentêre vertalings en instrumentele vertalings, 'n onderskeid wat ook vir hierdie studie relevant is. Dokumentêre vertalings poog om die boodskap wat in die bronteks na vore kom, nêr so in die doelteks oor te dra. Die bronteks word dus sonder enige spesiale aanpassings in 'n doelteks reproduseer. Dit is gewoonlik letterlike of woord-vir-woord-vertalings. Die doel van 'n dokumentêre vertaling is dus om die kommunikasie van die bronteksaanbod nêr so in die doelteks te vervat en dokumenteer (Luttig 2003:56).

Daarteenoor is 'n instrumentele vertaling 'n vryer vertaalmetode. Die doel en funksie van die doelteks kan verskil van die doel van die bronteks. “Die doelteks kan 'n nuwe kommunikatiewe doelwit nastreef wat verskil van die oorspronklike doelwit in die bronteks” (Luttig 2003:57). Met 'n instrumentele vertaling word die bronteksfunksie herproduseer, die nodige aanpassings word in die doelteks aangebring, en die funksie/doelwit word aangepas by die doelkonteks om die teks in die doelkultuur te laat funksioneer. Enige funksionele aanpassing word in die funksionalistiese raamwerk aanvaar met dien verstande dat dit 'n funksionele teks as finale teks verseker (Luttig 2003:57). Hierdie tipe vertaling is relevant vir die doeleindes van die navorsing in hierdie studie, aangesien die fokus hier juis val op doelmatige kommunikasie en die verwesenliking daarvan in banktekste.

Volgens Viljoen en Nienaber (2001:9) is gewone taalgebruik 'n onlangse inisiatief binne die Suid-Afrikaanse konteks. Gewone taal word as 'n hulpmiddel beskou om inligting doeltreffend oor te dra aan die gemarginaliseerde taalgebruiker. Gewone taalgebruik is volgens Cornelius (2010:171) 'n proses waar sekere ingrypings in 'n komplekse teks gemaak word. Hierdie ingrypings is noodsaaklik om te verseker dat die teks by die taalvaardigheidvlak van die doelteksleser pas. Die doel is dus om tegniese en ingewikkelde inhoud meer verstaanbaar én meer betekenisvol vir die doelteksleser te maak (sien weer eindnota 3).

Ongeag die stemme wat opgaan vir gewone taalgebruik, is daar egter baie in die regs- en finansiële beroepe wat gekant is teen die gebruik van gewone taal. Hulle is van mening dat dit onmoontlik is om 'n regsboodskap oor te dra in gewone taal met dieselfde noukeurigheid as wat 'n kundige in die regsberoep sou doen (Hunt 2003). Alhoewel daar geargumenteer word dat wetgewing vir gewone taal wenslik is, is dit onmoontlik om dit te bereik, omdat gewone taal nie die slaggate kan uitskakel nie en weens die onvoorsiene interpretasie van 'n regstek. In hierdie verband rapporteer Siebörger en Adendorff (2012) in hulle artikel oor die semantiese verskille wat kan voorkom tussen die oorspronklike teks en die teks in gewone taal.

In hedendaagse Suid-Afrika word daar ook geëksperimenteer om dokumente te herskryf en om die inligting aan die breër gemeenskap beskikbaar te stel. Sien onder meer Knight (1997), Stewart Smith (1999), Nienaber (2001), Feinauer (2003), Abrahams (2003), Carstens en Snyman (2003), Carstens (2004; 2007), Cornelius (2010; 2012; 2015; 2016) Siebörger en Adendorff (2012), Baitsewe, De Stadler en Du Plessis (2011), Esterhuysen (2013) en De Stadler (2017). Cornelius skryf: “The purpose of drafting legislative texts in plain language is to enhance democracy and the rule of law by making legislation accessible to the people whose lives it affects” (Cornelius 2010:171). Die rasionaal hieragter is om die moeilike tegniese taalgebruik en jargon wat tipies in regstekste gebruik word, in so 'n mate aan te pas dat die leek of al die belanghebbendes ook die dokumente kan verstaan. Ten spyte van laasgenoemde aanhaling is die begrip *gewone taal* nie onproblematies nie, aangesien daar grade van gewone taalgebruik is. Verder: Wie of wat bepaal gewone taal – is dit 'n regsperspektief of is dit die *redelike persoon*?

Volgens Taibi en Ozolins (2016:1) is gemeenskapsvertaling as praktyk en as navorsingsveld 'n relatief nuwe verskynsel. As praktyk is dit steeds besig om sy nis te vind. Die tekste wat deur die gemeenskapsvertaler vertaal word, is informatief en kan deur 'n verskeidenheid maatskaplike agente geskep word, insluitende private organisasies, ten einde kommunikasie met alle burgers te verseker en hulle te bemagtig en hul deelname te waarborg (Taibi en Ozolins 2016:7).

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is die praktyk van gemeenskapsvertaling ook ter sake en is daar sedert die laat 1980's met hierdie tipe vertaalaktiwiteit begin eksperimenteer om sekere tekortkominge in spesifieke taalgemeenskappe te akkommodeer. Dit is as 'n praktyk begin om die talig-oningeligte doelteksleser tydens die vertaalproses in ag te neem en te bevoordeel (Lesch 2014:131–2). Volgens Lesch (1999:92) is gemeenskapsvertaling 'n tipe vertaalbenadering waar die behoefte van die leser op die voorgrond geplaas word en voorrang geniet. Hierdie benadering is uitsluitlik lesergerig.

Indien die vertaalpraktyk daarna streef om taalhindernisse te oorkom soos wat gemeenskapsvertaling poog om te doen, maak Siegrühn (1992:33) die volgende stelling: “If we are seeking to remove linguistic barriers to understanding and participation and to provide protection against linguistic disenfranchisement, information has to be made truly accessible.”

Gemeenskapsvertaling en gewone taalgebruik is aanvullende studieveldde in dié sin dat hulle mekaar komplementeer en omdat daar so baie oorvleuelings tussen die twee is. Beide taalpraktyke streef na toeganklike, verstaanbare en doelmatige kommunikasie. Gemeenskapsvertaling is 'n pragmatiese vertaalaktiwiteit wat ten doel het om spesifieke taalbehoefte aan te spreek (Taibi en Ozolins 2016:2). Hierdie taalbehoefte spruit uit taalongelykhede, ongelyke geletterdheidsvlakke en verskeie taalvariasies binne een gemeenskap.

Community translation is a means to an end, namely to equip the community with the necessary information and other means to develop skills for themselves. It is an attempt to balance the power relationship between the sender and the receiver by prioritizing the needs of the community. Effective empowering communication between the author and the reader via the translated text implies that the translator needs to be on the side of the powerless, that is the reader. (Taibi en Ozolins 2016:2)

Volgens Taibi en Ozolins (2016:7) is die tekste wat deur die gemeenskapsvertaler vertaal word, informatief en kan dit deur 'n verskeidenheid van maatskaplike agente geskep word, insluitende privaatorganisasies, ten einde kommunikasie met alle burgers te verseker, hulle te bemagtig en hul deelname te waarborg. Om deelname te waarborg moet die inligting wat oorgedra word, assimileerbaar wees vir die doelleser.

Die sukses van hierdie tipe vertaling hang grootliks af van die skopos wat deur die vertaler geïdentifiseer word, die tekstipe en die profiel van die doelleser (Taibi en Ozolins 2016:13–5). Burke (in Taibi en Ozolins 2016:16) stel dan voor dat:

Translators should be prepared to adapt their translations in order to communicate optimally with the diverse [...] readership. In line with government and agency clients' aims to achieve receptive understanding of their communications by a broadly targeted audience, translators can carefully select vocabulary to avoid common misunderstandings amongst the variety of [...] readers. (Taibi en Ozolins 2016:16)

Gemeenskapsvertaling geskied wanneer tekste wat vir die groter gemeenskap geskep is, vertaal of herskep word om doeltreffende geskrewe kommunikasie met die linguïsties gemarginaliseerde segment van die gemeenskap te verseker, sodat almal die geleentheid het tot gelyke deelname in die samelewing, en sodat minderheidstaalgroepe ook toegang het tot inligting om hul sodoende te bemagtig (Taibi en Ozolins 2016:9). Hierdie vertaalpraktyk is ontwikkel hoofsaaklik om geskrewe kommunikasie tussen openbare diensverskaffers en die mense wat nie die dominante taal in die gemeenskap magtig is nie, te fasiliteer.

[I]t bridges the communicative gap between public services and those citizens or residents who do not speak the mainstream language [...] This translation type facilitates information flow between mainstream/established community members and less powerful members [...] to improve their socio-economic position and communicate effectively. (Taibi en Ozolins 2016:11)

Ook die nosie van vertaalvariasieteorie soos deur Zhang (2007:7–8) ontgin is, maak voorsiening vir gemeenskapsvertaling – 'n vertaalvariëteit wat sekere strategieë, waaronder byvoegings, weglatings, vereenvoudigings en herskrywing, moontlik maak. Hierdie strategieë word grootliks bepaal deur die behoeftes en verwagtinge van die teikengehoor. Die heersende sosiale faktore, soos opvoedingsagtergrond en die teikengehoor se vermoë om die vertaling te verstaan, speel dus ook 'n integrale rol in die vertaalproses.

Wat gewone taal betref, is die volgende definisie relevant wat geredelik aangehaal word (Cheek 2010:13):

Plain English [plain language] involves the use of plain, straightforward language [to] convey its meaning as clearly and simply as possible, without unnecessary pretension

or embellishment. It is to be contrasted with convoluted, repetitive, and prolix language. The adoption of a plain English [language] style demands simply that a document be written in a style which readily conveys its message to its audience. However, plain English [language] is not concerned simply with the forms of language. Because its theme is communication, it calls for improvements in the organisation of the material and the method by which it is presented. It requires that material is [to be] presented in a sequence the audience would expect and helps them to absorb it. It also requires that a document's design be as attractive as possible in order to help readers find their way through it.

Volgens Cheek (2010:5) is kommunikasie in gewone taal slegs wanneer dit die taalbehoefte van die leser bevredig deur middel van gepaste (gewone) taalgebruik, gebruikersvriendelike dokumentontwerp en gemaklike rangskikking van die inhoud wat die verstaanbaarheid en kognitiewe verwerking vergemaklik.

Insgelyks poog gemeenskapsvertaling om inligting op 'n toeganklike en gepaste manier weer te gee. Die fundamentele beginsel van gemeenskapsvertaling is om gewone taal te gebruik – taal wat vir die generiese leser verstaanbaar is. Soos reeds gesê, is gemeenskapsvertaling en gewone taalgebruik dus komplementerende studieverdele, omdat daar so baie ooreenkomste tussen die twee is. Herskrywing in gewone taal word volgens Cornelius (2010:171) as 'n vorm van intratallige vertaling beskou waartydens sekere ingrypings in 'n teks aangebring word om by die taalvermoë van die doelgehoor te pas. Beide taalpraktyke streef daarna om die inligting so eenvoudig en verstaanbaar moontlik oor te dra sonder om die dokument van enige feitelike inhoud te ontnem.

4. Vertaalopdrag

Dit is teen bogenoemde agtergrond dat die volgende vertaalopdrag vir die vertaling van die gegewe bankteks aan die vertaler gestel kan word:

- Hervertaal die bepalings-en-voorwaardes-dokument⁵ vir 'n lopende rekening in gewone taal waartydens daar op die beginsels van gemeenskapsvertaling gesteun word.
- Die hervertaling moet gerig wees op 'n teikenleser wat 'n moedertaalspreker van Afrikaans is wat minstens 'n graad 10-kwalifikasie het. Hierdie lesergroep is nie noodwendig talig sterk genoeg om die tegniese taalgebruik wat kenmerkend van formele bankooreenkomste is, te verstaan nie. Die hervertaling moet dus as hulpmiddel dien om hierdie kommunikasiegaping moontlik te oorbrug.
- Die hervertaling moet elke klousule se hoofidee in gewone taal oordra.
- Die uitleg, formaat, nommering en taalgebruik is van die aspekte wat in die hervertaling aangepas moet word sodat die dokument leservriendelik is en die leser moeitvry en sonder kruisverwysings deur die teks kan beweeg.
- Die dokument is beide informatief en instruktief. Dit moet dus maklik en duidelik vir die kliënt/leser wees om vas te stel wat sy/haar verantwoordelikhede ingevolge die ooreenkoms is, en wat die bank se verpligtinge is.

5. Ontleding

Hierdie deel het die doel om 'n ontleding tussen die bronteks (BT), doelteks een (DT1) en doelteks twee (DT2) uit te voer. DT1 is 'n bestaande vertaling waarvoor die bank self verantwoordelik was, terwyl DT2 deur die artikelskrywers gedoen is. Hierdie afdeling word in hoofsaaklik twee dele verdeel. Die eerste deel is 'n bespreking van die sintaktiese en leksikale (mikrostrukturele) kenmerke wat bydra tot die onverstaanbaarheid van regsdokumente en hoe dit in die hervertaling hanteer is. Die tweede deel is 'n bespreking van die makrostrukturele veranderinge wat in die hervertaling aangebring is om die kognitiewe verwerking van die dokument te vergemaklik.

5.1 Sintaktiese en leksikale kenmerke van Afrikaanse regstaal

5.1.1 Lang komplekse sinne

Die gebruik van lang, moeilike en semanties gelaaide sinne is kenmerkend van regsdokumente. Die gebruik van uitermate lang sinne is 'n verskynsel wat al vir jare deel is van die regstaaltradisie. Lang sinne word veral in operatiewe regsdokumente soos kontrakte, wette en testamente gebruik (Cornelius 2012:170). Daar is gevalle waar die lengte van 'n sin glad nie begripsprobleme veroorsaak nie, maar dit is slegs wanneer die sin uit eenvoudige sinskonstruksies sonder onderskikking bestaan. Lesch (2012:159) se enkoderingsnorm 6 vir gemeenskapsvertaling stel dit dat eenvoudige sintaktiese strukture gebruik moet word en dat sinne relatief kort behoort te wees en met duidelike antesedente geformuleer moet word indien daar van anaforiese kettings gebruik gemaak word. Lesch stel voor dat die teksontwerper gebruik maak van paragraafreliëf, wat beteken dat langer sinne in korter dele of sinsnedes opgedeel moet word. Kortere sinne met eenvoudige sinskonstruksies kan bydra tot gemakliker kognitiewe prosessering en kan juis daarom lei tot 'n verstaanbare en toeganklike teks (Lesch 2012:166). Daarteenoor kan kognitiewe verwerking deur die doelteksontvanger ook deur verduidelikings, motivering en uitbreiding vergemaklik word. In só 'n geval kompenseer die nadruklikheid en omslagtigheid van die taalgebruik vir die vreemde of onbekende taalkundige items om die doelteksleser 'n beter begrip te gee. Dit is nie altyd 'n geval van " 'n goeie begrip wat 'n halwe woord nodig het" nie. Soms moet 'n goeie begrip deur eksplisiete formulering uitgespel word. Daarteenoor kan lang sinne, alhoewel dit maklik verstaanbaar mag wees, steeds resepsieprobleme veroorsaak, want die lengte van sinne plaas 'n las op die ontvanger se korttermyngeheue. Dit neem die ontvanger dus langer om die betekenis van die sin te begryp, en sodoende word daar stremming op die kognitiewe prosessering van die teks in sy geheel geplaas.

Voorbeeld 1

BT:

- 2.20. If there are any claims or disputes between the client and the merchant or supplier in respect of the nature, quality or quantity of any goods or services obtained by the client from the merchant or supplier or in respect of any other matter, the bank's right to receive payment from the client will not be affected in any way nor will it give anyone a right of setoff or counterclaim against the bank. The client hereby acknowledges that no merchant or supplier is the bank's agent.

DT 1:

- 2.22.⁶ As daar enige eise of geskille tussen die kliënt en enige handelaar of verskaffer bestaan ten opsigte van die aard, gehalte of hoeveelheid van enige goedere of dienste wat die kliënt by die handelaar of die verskaffer verkry het of ten opsigte van enige ander saak, word die bank se reg om betaling van die kliënt te ontvang geensins geraak nie en gee dit ook aan niemand 'n skuldvergelykingsreg of teeneis teen die bank nie. [75 woorde]

DT 2:

- 8.3. Jy gee die bank jou toestemming om enige transaksie goed te keur wat jy op jou kaart doen as jy genoeg geld in jou rekening het om vir daardie spesifieke transaksie te betaal.
- 8.4. Die bank is nie verantwoordelik as daar later probleme is met 'n transaksie wat jy gedoen het nie. Dit is die bank se plig om transaksies goed te keur, en dit is jou plig om vir transaksies te betaal.

Lang sinne lei daartoe dat die teksontvanger die betrokke sin(ne) meer as een keer moet lees alvorens hy/sy 'n punt bereik waar hy/sy die sin(ne) verstaan, en dit kan ook daartoe lei dat die leser belangstelling in die teks verloor. Die riglyn wat Kimble (1992a:13) stel, is dat 'n sin nie langer as 25 woorde moet wees nie. Vir Afrikaans kan die misindeks soos deur Combrink (1992, bylae 3:2) ontwikkel as 'n numeriese of formule ook ontgin word om die moeilikheidsgraad van 'n sin te bepaal.⁷ Voorbeeld 1 in DT 1 se sinslengte is 75 woorde. In die hervertaling is elke besluit tydens die vertaalaktiwiteit met die doelteksleser in gedagte geneem. Gedagtig aan die teikenleser is dit moeilik om te glo dat hy/sy die bostaande voorbeeldsin voldoende sal verstaan (DT1). Hierdie voorbeeldsin is kompleks en sal uiteraard geweldige druk op enige leser se korttermyngeheue plaas. Klousule 2.20 in voorbeeld 1 in DT1 word in DT2 in korter dele (sinne) opgedeel en die boodskap word in afsonderlike subklousules oorgedra. Die korter sinne en subklousules maak dit makliker vir die leser om die inligting te prosesseer.

Volgens Cornelius (2012:172) “[vertoon] [o]peratiewe dokumente soos kontrakte uiterse sintaktiese kompleksiteit”. Kontrakte en ander regsdocumente bevat gereeld 'n groot aantal komplekse onderskikkende bysinne. Behalwe vir, onder andere, die moeilike tegniese terminologie, dra die oormatige gebruik van bysinne ook by tot die moeilike aard van regsdocumente. Gibbons (2003:170) noem dat bysinne so 'n groot bydrae lewer tot die onverstaanbaarheid van regsdocumente dat “even for a legal audience, such texts can require work before they are understood in full.”

5.1.2 Invoeging van voorwaardes en kwalifiserings

Voorwaardes en kwalifiserings is 'n groot rede waarom sinne in regsdocumente so lank en omslagtig is. Volgens Garner (2009:296) is die invoeging van kwalifiserings en voorwaardes 'n tradisionele kenmerk van regsdocumente: “Lawyers have aimed for a type of ‘precision’ that results in a cumbersome style of writing, with many long sentences collapsing under the weight of qualifications.”

Die oorspronklike vertaling behou die gebruik van voorwaardes en kwalifiserings wat in die doelteks voorkom. Die rede vir die groot aantal voorwaardes en kwalifiserings is om te

verseker dat die kontrak en die afsonderlike klousules nie universele toepassing geniet nie, maar slegs op die betrokke kontrak van toepassing is (Cornelius 2012:174). Die invoeging van voorwaardes en kwalifiserings is dus belangrik, maar in stede daarvan om dit in 'n enkele sin te verpak, kan dit afsonderlik gelys word. Sodoende word die voorwaardes steeds genoem sonder enige komplekse sintaktiese strukture (Cornelius 2012:175)⁸ en dit het nie noodwendig enige regsfout of onnodige skuiwergate tot gevolg nie.

Daar is wel voorbeelde in die bestaande Afrikaanse vertaling (DT1) waar die voorwaardes gelys word, maar dit is steeds moeilik verstaanbaar, want daar word geen poging in die vertaling aangewend om die grammatikale of leksikale items te vereenvoudig tot 'n verstaanbare vlak nie. Neem die volgende voorbeeld:

Voorbeeld 2

BT:

19. EVENTS OF DEMAND
- 19.1. The following will be events of demand, each of which will be severable and distinct from the others:
 - 19.1.1. if the client fails to conduct the account in a manner acceptable to the bank;
 - 19.1.2. if the client allows the account to become overdrawn and fails to rectify such excess on demand;
 - 19.1.3. if the client breaches any condition contained in this agreement, or breaches a condition of any other agreement with the bank (which breach will constitute a breach of this agreement);
 - 19.1.4. if the client commits an act of insolvency, or an act similar to an act of insolvency, as defined in the Insolvency Act of 1936 (as amended) or an act defined in terms of section 344 of the Companies Act of 1973 (as amended), if applicable;
 - 19.1.5. if the client is unable or ceases for any reason whatsoever to conduct the business carried on by it in an ordinary and regular manner, if applicable;
 - 19.1.6. if any material assets of the client are attached under writ of execution; or
 - 19.1.7. if the client is voluntarily or compulsorily placed under judicial management, is sequestrated or has his estate wound up, or enters into any compromise, composition or arrangement with its creditors or any class thereof.

DT 1:

19. Eisgebeurtenisse
- 19.1 Die volgende is eisgebeurtenisse en elkeen daarvan is skeibaar en onderskeibaar van die ander:
 - 19.1.1. as die kliënt versuim om die rekening te bedryf op 'n manier wat vir die bank aanvaarbaar is;
 - 19.1.2. as die kliënt toelaat dat die rekening oortrokke raak;
 - 19.1.3. as die kliënt enige voorwaarde wat in hierdie ooreenkoms vervat is of 'n voorwaarde in enige ander ooreenkoms met die bank verbreek (welke verbreking 'n verbreking van hierdie ooreenkoms sal uitmaak);
 - 19.1.4. as die kliënt 'n insolvensiedaad of 'n daad soortgelyk daaraan, soos in die Insolvensiewet van 1936 (soos gewysig) gedefinieer, of 'n daad ingevolge

- artikel 344 van die Maatskappywet van 1973 (soos gewysig) indien toepaslik, begaan;
- 19.1.5. as die kliënt, om watter rede ook al, nie in staat is nie of ophou om die besigheid wat hy bedryf, op 'n gewone en reëlmatige manier te bedryf, indien van toepassing;
- 19.1.6. as daar kragtens 'n lasbrief vir eksekusie op enige wesenlike bates van die kliënt beslag gelê word; of
- 19.1.7. as die kliënt onder vrywillige of verpligtende geregtelike bestuur geplaas word of gesekwestreer of sy boedel gelikwieder word, hy óf met sy krediteure óf enige klas daarvan 'n skikking tref, akkoord aangaan of 'n reëling tref.

In die hervertaling word voorbeeld 2 se voorwaardes ook gelys, maar met die klem op verstaanbaarheid en duidelikheid.

DT 2:

- a. Daar kan geëis word wanneer:
- jy volgens die bank nie jou rekening op 'n aanvaarbare manier bestuur nie;
 - jy toelaat dat jou rekening 'n minusbalans het;
 - jy enige reël of regulasie in hierdie kontrak verbreek;
 - jy volgens wet iets met opset doen om bankrot te speel;
 - jy nie meer jou besigheid op 'n normale wyse kan bestuur nie;
 - jy nie meer bates het nie; of
 - jy in finansiële moeilikheid is en afbetalingreëlings met jou skuldeisers getref het.

Volgens die Federal Plain Language Guidelines (PLAIN 2011:56) is dit beter om eers die hoofidee van 'n sin aan te bied en daarna die voorwaardes en kwalifiserings in te voeg. As dit gedoen word, sal die doelleser die sin makliker volg en verstaan. Sien ook Lesch (2012:167) se teksuitlegnorm 15 in dié verband.

5.1.3 Misplaaste frases

Misplaaste frases is frases wat onderbreking in sinne veroorsaak. Hierdie onderbreking word normaalweg deur die invoeging van bysinne teweeggebring. Die verskynsel van misplaaste frases raak nog meer problematies as die teksontvanger 'n oningeligte leser is (Bhatia 1993:113). Dit oorlaai die leser se korttermyngeheue, en die leser moet eers die frases prosesseer en begryp voor daar by die kern van die sin uitgekóm kan word. Voorbeelde waar hierdie frases gebruik word, sluit in:

Voorbeeld 3

BT:

- 2.22. The client will not have the right to stop any payment that the bank makes or which the bank is about to make to a merchant or supplier in respect of any transaction, nor will the client have the right to instruct the bank to reverse a

payment in respect of a transaction that has already been made, except as may be provided otherwise by statute.

DT 1:

- 2.24. Die kliënt het nie die reg om enige betaling *ten opsigte van enige transaksie wat die bank besig is om te doen* of op die punt te staan om te doen, te keer nie, en die kliënt het ook nie die reg om die bank opdrag te gee om 'n *betaling ten opsigte van 'n transaksie wat reeds gedoen is*, om te swaai nie, behalwe soos waarvoor daar moontlik anders by wet voorsiening gemaak word.

DT 2:

- 8.3. *Jy gee die bank jou toestemming om enige transaksie wat jy op jou kaart doen, goed te keur as jy genoeg geld in jou rekening het om vir daardie transaksie te betaal.*
- 8.6. *Jy mag nie die bank vra om 'n transaksie om te swaai nie, behalwe as wetgewing dit toelaat.*

Die hervertaling in voorbeeld 3 (8.3 en 8.6) maak dit duidelik dat die kliënt nie beswaar kan aanteken as 'n transaksie goedgekeur word nie, want die kliënt het by die ondertekening van die kontrak ingestem dat die bank die reg het om transaksies goed te keur. In die oorspronklike vertaling bestaan voorbeeld 3 (klousule 2.24) uit 76 woorde en in die hervertaling is daardie klousule tot 53 woorde verkort en oor twee aparte klousules versprei. Die hervertaling het die misplaaste frases verwyder om die vloei van die klousule te verbeter.

5.1.4 Lang aanlope

Lang aanlope is nog 'n skryfegniek wat in regsdocumente, veral operatiewe dokumente soos kontrakte, ingespan word. Hierdie tegniek word gebruik vir deeglikheidsdoeleindes. Lang aanlope kom voor in die vorm van bysinne wat “ingelei word deur voorwerpadjunkte [soos onder andere] *as/indien, ingeval, mits en met dien verstande*” (Cornelius 2012:179). Die hoofrede waarom lang aanlope of gevallebeskrywing as 'n skryfegniek ingespan word, is dat regsbepalings selde universele toepassing het, en daarom word elke klousule met 'n relevante en spesifieke geval of situasie toegelig om die klousule slegs op daardie betrokke kontrak van toepassing te maak (Bhatia 1993:110).

Vir die doeleindes van die hervertaling, en volgens die vertaalopdrag vir die hervertaling, moet slegs die hoofidee van elke klousule oorgedra word. In die meeste gevalle is onder andere die bysinne en lang aanlope weggelaat om die kognitiewe prosessering vir die teksontvanger wat in die vertaalopdrag gedefinieer is, te vergemaklik. Lang aanlope plaas ekstra prosesseringslading op die teksontvanger se geheue (Cornelius 2012:180). Dit raak moeilik vir die doelleser om die kernbetekenis van die sin/klousule te verstaan as hy/sy eers deur die aanloop moet lees en dan eers by die hoofboodskap van die sin uitkom. Lesch (2012:159) noem in die sewende enkoderingsnorm vir gemeenskapsvertaling dat die gebruik van “kort en eenvoudige woorde” aangemoedig word.

Voorbeeld 4

BT:

- 2.12. Except where a transaction is made by means of PIN or is made by mail or telephone order, the client must sign a sales voucher or a refund voucher, as the case may be, each time the card is used or the card number is given to a merchant or supplier. By signing the voucher the client confirms that the information on it is correct. The client will be liable for and must repay the bank for all amounts the bank pays in respect of the client's card transactions. Unless the client has notified the bank that the card has been lost or stolen in terms of clause 2.10, even if the client does not sign the relevant vouchers, the client will still be liable to the bank for such transactions.

DT 1:

- 2.14. *Behalwe waar 'n transaksie deur middel van die PIN gedoen word of per pos- of telefoonbestelling versoek word, moet die kliënt 'n verkoopsbewys of terugbetalingsbewys, na gelang van die geval, onderteken elke keer wanneer die kaart gebruik of die kaartnommer aan 'n handelaar of verskaffer gegee word. Deur die bewys te onderteken bevestig die kliënt dat die inligting daarop korrek is. Die kliënt sal aanspreeklik wees vir alle bedrae wat die bank ten opsigte van die kliënt se kaarttransaksies betaal en die kliënt sal dit aan die bank moet terugbetaal. Tensy die kliënt die bank ingevolge klousule 2.10 in kennis gestel het dat die kaart verlore geraak het of gesteel is, sal die kliënt steeds teenoor die bank vir sodanige transaksie aanspreeklik wees, selfs al teken die kliënt nie die toepaslike bewyse nie.*

DT 2:

- 1.1. Die bank trek geld van jou rekening af vir al die transaksies wat jy op jou kaart doen.
- 1.2. Jy onderteken elke keer 'n strokie wanneer jy jou kaart by 'n winkel gebruik. Jy onderteken die strokie omdat jy saamstem dat die inligting op die strokie korrek is en dat jy verantwoordelik is vir die betaling van die bedrag wat op die strokie verskyn.
- 1.3. Die bank is nie verantwoordelik as 'n winkel of 'n diensverskaffer nie jou kaart wil aanvaar nie.
- 1.4. Jy is nog steeds verantwoordelik vir alle transaksies wat op jou kaart gedoen word, al word die transaksies deur iemand anders gedoen.

5.1.5 Nominaalkonstruksies

Nominaalkonstruksies kom dikwels in regsdocumente voor. Hierdie konstruksies is kenmerkend van regstekste. Volgens Ponelis (1979:483) is daar “nominale naamwoorde wat morfologies van werkwoorde [en] adjektiewe [...] afgelei word”. Wanneer 'n handeling of 'n aksie as 'n saak voorgestel word, word dit 'n nominaalkonstruksie genoem. Kyk na die volgende voorbeeld:

Voorbeeld 5

BT:

- 2.20. If a merchant or supplier refunds a client, the refund will be credited to the client's account only in the event of and once the bank receives a properly issued credit voucher from the merchant or supplier.

DT 1:

- 2.23. As 'n handelaar of verskaffer 'n *terugbetaling* aan die kliënt gee, word dit op die kliënt se rekening gekrediteer net in die geval waar en eers nadat die bank 'n behoorlik uitgereikte kredietbewys van die handelaar of verskaffer ontvang het.

In voorbeeld 5 word hierdie aksie of handeling van *terugbetaling* as 'n saak voorgestel, en nie 'n aksie waartydens die geld aan jou terugbetaal word nie. Die woorde *aan die kliënt gee* maak dat die *terugbetaling* as 'n naamwoord eerder as 'n werkwoord uitgedruk word. In die hervertaling probeer die vertaler die *terugbetaling* as 'n aksie uitdruk.

DT 2:

- 8.6. As 'n winkel of 'n diensverskaffer jou *moet terugbetaal*, sal die bank die geld weer direk in jou rekening inbetaal.

5.1.6 Passiefkonstruksies

Passiefkonstruksies is nóg een van daardie konstruksies wat in byna alle regsdokumente voorkom. Daar word deur Felker e.a. (1981) en ander persone geargumenteer dat die oordrewe gebruik van die passiefkonstruksies 'n onpersoonlike gevoel aan regsdokumente gee (Cornelius 2012:191). Die passief is omslagtiger as die bedrywende vorm, en daarom het die leser meer inligting om deur te werk alvorens hy/sy die betekenis van die sin begryp. Aktiewe konstruksies verg minder inspanning.

Aktiewe konstruksies wat in die hervertaling gebruik word, is korter as passiefkonstruksies in die oorspronklike vertaling; dit is meer persoonlik en betrek die teksontvanger by die teks. Die teksontvanger word in die meeste gevalle direk aangespreek deur persoonlike voornaamwoorde soos *jy* en *jou* (sien ook Lesch 2012:162 in hierdie verband). Volgens Cornelius (2012:198) word die aktiewe konstruksie meer dikwels in operatiewe dokumente soos kontrakte gebruik. Die vertaling maak egter nie van die aktiewe konstruksie gebruik nie, terwyl die hervertaling dit wel doen. Daar is volgens die Federal Plain Language Guidelines (PLAIN 2011:20) egter gevalle wanneer passiefkonstruksies ook gebruik kan word, veral in gevalle waar dit nie so belangrik is om te weet wie die handeling in 'n sin uitvoer nie. Daar is gevalle in die hervertaling waar die passiefkonstruksie eerder gebruik behoort te word.

Voorbeeld 6

BT:

- 2.13. The client must comply with all applicable exchange control regulations when the card is used outside the common monetary area. Card transactions made in foreign currencies will be converted into South African rand at an exchange rate determined by the bank and will be shown on the client's statements in South African rand. An additional fee may be payable by the client for such transactions. Such fee will be disclosed in the pricing brochure available from the bank.

DT 1:

- 2.15. Die kliënt moet voldoen aan al die toepaslike deviesebeheerregulasies *wanneer die kaart buite die gemeenskaplike monetêre gebied gebruik word*. Kaarttransaksies wat in buitelandse valuta geskied, *sal in Suid-Afrikaanse rand omgesit word teen 'n koers wat deur die bank bepaal word en in Suid-Afrikaanse rand op die kliënt se state getoon word*. *Bykomende gelde kan vir sodanige transaksies deur die kliënt betaalbaar wees. Sodanige gelde sal verstrek word in die prysingsbrosjyre wat by die bank beskikbaar is.*

DT 2:

- 5.6. Jy betaal ekstra bankkoste vir alle transaksies wat jy in die buiteland doen.

5.1.7 Voorsetsels

Die oormatige gebruik van voorsetsels en voorsetselkettings is kenmerkend van regsdokumente, en dit veroorsaak gewoonlik dat die teksontvanger begripsprobleme ondervind (Cornelius 2012:198–200).

Voorbeeld 7

BT:

- 15.3. The bank may disclose information to credit reference agencies relating to the client's personal debts owed to the bank:

DT 1:

- 15.3. Die bank is geregtig om inligting met betrekking tot die kliënt se persoonlike skulde *aan die bank aan kredietverwysingsagentskappe te openbaar*:

DT 2:

- 20.1 Jou persoonlike inligting is privaat en word aan niemand anders bekend gemaak nie, behalwe: [...]

5.1.8 Voornaamwoorde

Normaalweg, wanneer daar vir die eerste keer na 'n persoon of saak in 'n geskrewe of mondelinge teks verwys word, word die persoon of saak by naam genoem, en wanneer die persoon of saak weer daarna in die teks ter sprake kom, word daar met behulp van voornaamwoorde soos *hy* en *sy* en *dit* na daardie persoon of saak verwys. In operatiewe dokumente soos kontrakte word die gebruik van voornaamwoorde soos *hy*, *sy*, *dit*, *wie* en *wat* selde gebruik. Diegene wat regsdokumente saamstel, glo dat dit veiliger is om eerder nie voornaamwoorde in regsbindende dokumente te gebruik nie, want volgens Gibbons (2003:63) is “lawyers notoriously expert at exploiting any possible ambiguity or alternative interpretation”.

In regsdokumente word eerder die voorkeur vir herhaling uitgeoefen. Malley (1994:25) wys daarop dat “repetition rather than pronouns has always been the preferred cohesive device in legislative drafting.” Die herhaling van 'n persoon se naam of saak verminder die kans op verwarring of waninterpretasie van, onder andere, 'n spesifieke klousule (Cornelius 2012:212). Die ontvanger van die teks weet dan presies, en sonder twyfel, wanneer na wie verwys word, en wie waarvoor verantwoordelik is. Nog 'n rede waarom regsdokumente herhaling bo die gebruik van voornaamwoorde verkies, is dat regsdokumente dikwels gebruik maak van lang, komplekse sinne, en gewoonlik is die onderwerp te ver verwyder van die voorwerp en die hoofwerkwoord in 'n sin. Herhaling is dan 'n beter opsie om verwarring en waninterpretasie te vermy.

Die gebruik van persoonlike voornaamwoorde soos *jy* en *jou* gee wel 'n gevoel van gemaklikheid, en dit maak die dokument minder intimiderend of onpersoonlik vir die doelleser. In die hervertaling word die gebruik van voornaamwoorde gereeld ingespan. Neem die volgende voorbeeld:

Voorbeeld 8

BT:

- 18.1. Without detracting from or in any manner limiting the bank's right in the event of default, the client's attention is directed to section 86 of the act, which entitles the client, in certain circumstances, to apply to a debt counsellor in the prescribed manner and form to have the client declared overindebted.

DT 1:

- 18.1. Sonder om af te doen aan die bank se reg in geval van wanprestasie of om dit op enige manier te beperk, word die *kliënt* se aandag gevestig op artikel 86 van die Wet wat die *kliënt* in sekere omstandighede geregtig maak om op die voorgeskrewe manier en vorm by 'n skuldberader aansoek te doen om die *kliënt* oorverskuldig te laat verklaar.

DT 2:

- 23.1. Jy kan afbetalingreëlings met die bank tref om *jou* te help om *jou* skuld af te betaal.

5.1.9 Tegniese terminologie

Tegniese woorde wat eie aan sekere velde of dissiplines is, is altyd die eerste kenmerk wat 'n uitdaging vir die leketeksontvanger kan inhou. Spesialisterme is nie woorde wat in alledaagse gesprekke of generiese (geskrewe) tekste gebruik word nie, wat beteken dat daardie tipe woorde aan die periferie van die gewone verbruiker se aktiewe woordeskat is (Cornelius 2012:204). Die reg is een van hierdie velde wat bekend is vir die gebruik van tegniese, deftige en hoogdrawende woordeskat. Die rede waarom hierdie tegniese (spesialis)terme in die meeste gevalle so moeilik is om te begryp, is dat die betekenis van die terme nie noodwendig direk van die konteks waarin dit voorkom, afgelei kan word nie. Charrow (1988:99) noem dat indien die leser van 'n tegniese dokument oor 'n lae opvoedingsvlak beskik, die moontlikheid groot is dat daardie persoon ontmoedig sal word om die dokument verder te lees, want hy/sy lees 'n dokument wat hy/sy nie verstaan nie. Lesch (2012:157) se vyfde enkoderingsnorm stel dit duidelik dat die gebruik van “gemoedelike taal en styl” aangemoedig word sodat dit ooreenstem met die teksontvanger se begripsvermoë ten einde te verseker dat die teksontvanger maksimum toegang tot en begrip van die teks het. Die teks moet dus lesersvriendelik wees en die leser moet daarmee kan identifiseer. Die idee is om nie jou leser te vervreem nie en beslis ook nie om 'n afstand tussen die teks en teksontvanger te skep nie. Lesch (2012:157) waarsku egter dat die gebruik van streektaal in 'n teks nie oordrewe moet wees nie. Die hervertaling wend 'n poging aan om die tegniese woorde wat in DT 1 voorkom, te omskryf. Neem die volgende voorbeeld:

Voorbeeld 9

BT:

- 18.1. [...] to apply to a debt counsellor in the prescribed manner and form to have the client declared overindebted

DT 1:

- 18.1. [...] by 'n *skuldberader* aansoek te doen om die kliënt oorverskuldig te laat verklaar.

DT 2:

- 23.3. Jy kan 'n *skuldberader* gaan spreek om te bepaal of jy *te veel skuld het* of nie. 'n *Skuldberader* is 'n *opgeleide persoon* wat mense help wat te veel skuld het en nie weet hoe om dit te betaal nie.

In DT 2 word die tegniese term omskryf sodat die leser dadelik weet wat daarmee bedoel word. (Sien Lesch 2012:164.)

5.2 Makrostrukturele kenmerke

Makrostrukturele kenmerke verwys na die uitleg van die dokument, want ook die eksterne struktuur speel 'n rol by die toeganklikheid van die teks. Teksontvangers maak heel eerste kennis met die eksterne struktuur van 'n dokument. Dit is daarom belangrik dat 'n dokument 'n gepaste eksterne struktuur het, want “many readers come to documents without enough time

to read them fully, [so] they hope the structure will ‘leap out’ at them” (Schraver 1997:251). Hierdie afdeling behels ’n bespreking van die makrostrukturele veranderinge wat in die hervertaling aangebring is om die toeganklikheid en verstaanbaarheid van die dokument te bevorder.

Dokumente word deesdae ontwerp met die doel om verstaanbaarheid en toeganklikheid te bevorder. As daar na die geletterdheidsvlakke in Suid-Afrika gekyk word, is dit belangrik dat teksontwerpers besef dat Suid-Afrika uiteenlopende lesersgroepe het. Dit is ook belangrik om met hierdie verskillende lesersgroepe rekening te hou en dat (geskrewe of gesproke) kommunikasie hierdie realiteit in ag neem om te verseker dat verbruikersdokumente ooreenstemmend opgestel word. Daar is wetgewing van krag wat dokumentontwerpers verplig om te verseker dat dokumente verstaanbaar en toeganklik is.⁹

Ten einde hierdie verstaanbaarheid en toeganklikheid te verwesenlik, moet daar sekere aanpassings aan en veranderinge in dokumente aangebring word om die leeservaring en die kognitiewe prosessering van enige gegewe teks te vergemaklik. “Verbruikers wil vinnige en doeltreffende toegang tot inligting verkry en is toenemend kieskeurig oor die gehalte van die dokument wat hulle lees” (Cornelius 2012:219). Dit is moeilik om tegniese dokumente verstaanbaar en toeganklik te maak, maar dit is nie onmoontlik nie. Die bestaande praktyk noodsaak dat regsdokumente ’n breë strukturele verandering moet ondergaan om toeganklikheid te verbeter. Soos in die funksionalistiese benadering tot vertaling, speel die ontvanger van die teks ’n belangrike rol. Indien die doelleser van enige dokument deeglik gedefinieer word, kan die nodige aanpassings aan ’n dokument gemaak word ten einde te verseker dat die gedefinieerde doelleser die teks kan begryp.

5.2.1 Opsomming

Regsdokumente is bekend vir hul inligtingsdigtheid, wat gewoonlik verwerkingsprobleme tot gevolg het, en daarom kan dit ’n goeie idee wees om ’n kort opsomming of oorsig aan die begin van die dokument in te sluit sodat die teksontvanger dadelik weet waaroor die betrokke dokument gaan. Die invoeging van ’n kort oorsig of opsomming “kan die prosesseringslading van die teksontvanger verlig” (Cornelius 2012:226).

Hierdie makrostrukturele aanpassing dien feitlik dieselfde doel as die kopnota wat by hofsake aanwesig is. Die kopnota bevat ’n grondige opsomming van wat die rede vir die saak is, asook die beslissing. Die bestaande Afrikaanse vertaling begin met ’n lys definisies. Die teksontvanger word gekonfronteer met ’n lys definisies wat hy/sy nog nie in die teks teëgekomp het nie. Alvorens die verbruiker nie die teks lees nie, gaan hy/sy geen relevansie sien in die lys definisies wat aan die begin van die kontrak aangebied word nie. Volgens Cornelius (2012:229) is die invoeging van omskrywingslyste ’n tendens in verbruikersdokumente in Suid-Afrika, maar sy noem ook dat hierdie lyste gewoonlik verbruikersonvriendelik is, dat daar nie noukeurig genoeg gewerk word met die invoeging van hierdie lyste nie, en dat dit bloot ’n “resultaat van vertaling” is.

Volgens PLAIN (2011:42) “moet lang woordskrywingslyste verkieslik vermy word. [Omskrywings] kan eerder aangebied word op die plek waar die woord vir die eerste keer gebruik word.” Om hierdie rede is die omskrywingslys wat in die bestaande Afrikaanse vertaling voorkom, verwyder, en omskrywings word gebruik slegs waar die woord of term vir

die eerste keer gebruik word. Die oorspronklike lys van omskrywings is vervang met 'n kort opsomming van die dokument. Sien voorbeeld 10 uit die hervertaling:

Voorbeeld 10

Hierdie dokument is die kontrak tussen jou en die bank omdat jy 'n lopende rekening oopgemaak het. Die dokument is saamgestel om jou te wys hoe om jou bankkaart te gebruik en hoe om jou rekening te bestuur.

Die hervertaling begin met bostaande twee sinne (voorbeeld 10) wat die ooreenkoms inlei en die kliënt inlig waaroor die dokument gaan, en wat hy/sy onder andere in die dokument kan verwag.

5.2.2 Vraagopskrifte

In die algemeen gee opskrifte duidelike struktuur aan 'n dokument. Opskrifte of titels help die teksontvanger om sin te maak van die onderskeie afdelings in 'n teks. 'n Opskrif of titel bevat gewoonlik inligting oor wat in die daaropvolgende paragraaf of afdeling volg (Cornelius 2012:230). In die Federal Plain Language Guidelines (PLAIN 2011:11) word daar onderskei tussen drie soorte opskrifte, naamlik vraagopskrifte, stellingopskrifte en inhoudsopskrifte. Enigeen van hierdie drie kan in 'n dokument ingespan word ten einde struktuur in die dokument te bewerkstellig. Die bestaande Afrikaanse vertaling (DT 1) maak wel gebruik van opskrifte, maar volgens klousule 28.2. in die oorspronklike vertaling moet die opskrifte nie as 'n hulpmiddel beskou word om die dokument te verstaan nie. Die klousule lui soos volg: "Al die opskrifte in hierdie bepalings en voorwaardes is slegs vir gerief en moet nie by die vertolking van die ooreenkoms in ag geneem word nie." Die afleiding wat dus van hierdie klousule gemaak kan word, is dat die opskrifte nie vir interpretasiedoeleindes gebruik moet word nie, want dit het geen regsrag nie en is dus nie regsgeldig nie.

Volgens Cornelius (2012:232) word opskrifte meer gereeld in verbruikersdokumente gebruik, en die hoofrede daarvoor is die wetgewing wat daargestel is om instansies en maatskappye te verplig om dit te doen. Vir die doeleindes van die hervertaling (DT 2) is daar hoofsaaklik van vraagopskrifte gebruik gemaak. Vraagopskrifte maak die leser of teksontvanger deel van die teks. Die dokument word as 't ware interaktief en "[dit] gee sodoende persoonlike betekenis aan die inligting" (Cornelius 2012:230). Die leser word betrek deur hom/haar direk aan te spreek of deur 'n vraag aan hom/haar te stel en dikwels is dit vrae wat die leser self het. Die doelteksleser raak dus aktief deel van die vertaalteks (Lesch 2012:161). Die aanspreekvorme *jy* en *jou* vernou die gaping tussen die sender van die dokument en die ontvanger. Die leser is onmiddellik gemakliker en ervaar die dokument as minder intimiderend (Lesch 2012:157).

Die bankdokument is 'n informatiewe sowel as 'n instruktiewe teks, en daarom is dit 'n goeie strategie om vraagopskrifte te gebruik. Die rekeninghouer mag dalk onder andere nie weet hoe om die bankkaart te gebruik nie of watter kostes aan die rekening verbonde is nie. Die opskrifte antisipeer daardie vrae en poog om daardie vrae in 'n opskrif te formuleer om sodoende die antwoorde op daardie moontlike vrae te bied. Vraagopskrifte met die gebruik van persoonlike voornaamwoorde maak ook die kontrak minder intimiderend, en die teksontvanger vind die dokument lesersvriendelik en toeganklik (Cornelius 2012:230). Met die gebruik van persoonlike voornaamwoorde voel die doelleser dat daar direk en persoonlik met hom/haar gepraat word en nie met 'n groep of net 'n denkbeeldige party of entiteit tot die kontrak nie.

Hier onder volg 'n voorbeeld van hoe die vraagopskrifte in die hervertaling hanteer is:

Voorbeeld 11

BT:

USE OF CARDS

DT 1:

DIE GEBRUIK VAN KAARTE

DT 2:

- Hoe moet *jy jou* bankkaart gebruik?

5.2.3 Parallelisme

Parallelisme of parallelle konstruksies gaan hand aan hand met lyste. Die items of die sinsdele in 'n lys moet in dieselfde verhouding tot die inleidingsin wat die lys voorafgaan staan (PLAIN 2011:73). Die lys of kolpunte wat na die inleidingsin volg, moet 'n volledige sin tesame met die inleidingsin aan die einde kan vorm. Konsekvente gebruik van 'n grammatikale struktuur is ook belangrik, want dit vergemaklik die leesproses (Cornelius 2012:241). Neem die volgende voorbeeld waar daar van parallelisme gebruik gemaak word in die BT (in die laaste twee kolpunte in die BT word dit egter nie nagekom nie) en DT 1. Die verwagting is dat DT 2 ook dit moet nakom – wat wel die geval is.

Voorbeeld 12

BT:

- 15.1. The client's personal information will be treated as confidential and will not be disclosed, except in the following circumstances:
 - 15.1.1. when the bank is legally compelled to do so;
 - 15.1.2. when it is in the public interest to disclose; and
 - 15.1.3. when the bank's interests require disclosure; or when disclosure is made at the client's request or with his written consent.

DT 1:

- 15.1. Die kliënt se persoonlike inligting word as vertroulik beskou en word nie geopenbaar nie, behalwe in die volgende omstandighede:
 - 15.1.1 wanneer die bank regtens verplig is om dit te doen;
 - 15.1.2. wanneer dit in die openbare belang is om dit te doen;
 - 15.1.3. wanneer die bank se belange openbaring vereis; of
 - 15.1.4. wanneer openbaring op versoek van die kliënt of met sy skriftelike goedkeuring geskied.

DT 2:

- 20.1. Jou persoonlike inligting is privaat en word aan niemand anders bekend gemaak nie, behalwe:
- as jy agter raak met jou terugbetalings van skuld, want dan sal die bank jou inligting aan agentskappe bekend maak wat jou kan help om jou skuld beter te bestuur;
 - as jy vra dat jou inligting bekend gemaak moet word; of
 - as jy 'n beperkte rekening het, want dan sal die bank jou persoonlike inligting aan BankServ bekend maak.
- 20.2. Jy moet eers toestemming gee voor jou persoonlike inligting bekend gemaak mag word.

5.2.4 Logiese organisering van inligting

Kognitiewe prosessering van 'n dokument word bevorder indien die inligting logies geplaas word. Die fokus in die hervertaling is nie soseer om die inligting in logiese volgorde te plaas nie. Uiteraard is al die inligting in 'n ooreenkoms belangrik en die kliënt moet daarvan kennis neem. In 'n ooreenkoms soos die betrokke bankdokument is alle klousules ewe belangrik. Die idee met die hervertaling is om dieselfde soort inligting te sinchroniseer en te groepeer (Lesch 2012:166) om te verhoed dat die teksontvanger heen en weer in die ooreenkoms hoef te blaai. Die idee is ook om kruisverwysings te verminder deur dieselfde soort inligting bymekaar te voeg. Sodoende is al die inligting oor 'n spesifieke onderwerp op een plek. Die leesproses word ook hierdeur vergemaklik (Cornelius 2012:241–2). Hierdie idee van groepering en sinchronisering van inligting sluit aan by sowel Toury (1980:54, 102) as Lesch (2012:166–7) se idee van manipulering van segmentasie. Dit is die proses waartydens inligting in 'n teks strategies rondgeskuif word om die begrip van die teks te bevorder. Minder-tersaaklike inligting kan ook weggelaat word, maar die vertaler moet verseker dat die kern, of die essensie, van die dokument behou word. Lesch (2012:162) noem dat wanneer inligting wél weggelaat word, dit verkieslik inligting moet wees wat nie die betekenis van die dokument in sy geheel onder verdenking plaas nie.

Die groepering van dieselfde soort inligting kan ook 'n minder komplekse nommerstelsel tot gevolg hê. (Meer oor numerering in die volgende subafdeling.) Klousule 2.2 in die oorspronklike vertaling is byvoorbeeld na afdeling 3 geskuif, waar daar meer oor die rekening self gepraat word. Daar is ook gevalle waar inligting wat onder andere herhaal word, uitgehaal is. Klousules 22.1 en 22.3 in DT 1 is byvoorbeeld in een klousule in DT 2 saamgevoeg. Klousules 17.1 en 17.2 in DT 2 is 'n samevoeging van klousule 12.1 tot 12.1.3 in DT 1.

5.2.6 Vertikale lys

Volgens PLAIN (2011:71) is die gebruik van vertikale lys 'n goeie strategie om in te span indien die doelwit is om inligting visueel uiteen te sit, inligting op grond van belangrikheid te onderskei of die verskillende stappe stapsgewys in 'n proses weer te gee. Die bestaande Afrikaanse vertaling bevat byna elke klousule se voorwaardes en kwalifiserings. In die hervertaling word 'n poging aangewend om hierdie voorwaardes en kwalifiserings eerder in 'n vertikale lys weer te gee, eerder as om dit deel te maak van 'n lang, omslagtige sin. Die invoeging van vertikale lys vergemaklik die leesproses en die inligting vertoon duideliker op 'n bladsy. Die beweegrede is dat die teksontvanger die inligting makliker kan volg.

Voorbeeld 13

BT:

- 2.18. The client authorises the bank (which authorisation may not be cancelled):
- 2.18.1. to pay any purchases or services in respect of which the card or the card number is used and to debit the amount concerned to the client's account;
 - 2.18.2. to debit the client's account with the amount of the sales voucher or any other cash amount withdrawn; and
 - 2.18.3. to make the necessary entries to do the above and to reverse these entries when appropriate.

DT 1:

- 2.20. Die kliënt magtig die bank (en hierdie magtiging mag nie gekanselleer word nie):
- 2.20.1. om vir enige aankope of dienste ten opsigte waarvan die kaart of die kaartnommer gebruik word, te betaal en die betrokke bedrag teen die kliënt se rekening te debiteer;
 - 2.20.2. om die kliënt se rekening te debiteer met die bedrag van die verkoopsbewys of met die ander kontantbedrag wat onttrek is; en
 - 2.20.3. om die nodige inskrywings met die oog op die bostaande te doen en hierdie inskrywings om te swaai wanneer dit gepas is.

In die onderstaande voorbeeld word die klousule 2.20 (soos in DT 1) herbewerk deur die sinne te verkort en kolpunte te gebruik.

DT 2:

- 5.9. Voorbeelde van transaksies is wanneer:
- jy goedere met jou kaart aankoop
 - jy betalings met jou kaart maak
 - jy geld van een rekening na 'n ander oordra
 - jy geld uit jou rekening trek
 - jy deposito's inbetaal.

Volgens die Federal Plain Language Guidelines moet 'n vertikale lys altyd van 'n inleidende sin vergesel word. Daar word ook deur die Guidelines gewaarsku teen die oorgebruik van vertikale lysse – vertikale lysse moet dus spaarsamig gebruik word.

5.2.7 *Kruisverwysings*

Volgens die Federal Plain Language Guidelines (PLAIN 2011:83) word die gebruik van kruisverwysings glad nie deur teksontvangers verwelkom nie. Kruisverwysings word beskou as 'n hinderlikheid wat die vlotheid van 'n dokument nadelig beïnvloed, en dit oorlaai die leser se korttermyngeheue. Dit lei dan daartoe dat die leser se aandag van die boodskap in die dokument afgelei word. Die doel met die hervertaling is om die leser so min as moontlik werk te gee terwyl hy/sy die dokument lees. Dit word gedoen deur kruisverwysings tot 'n minimum te beperk, of selfs in geheel uit te skakel, deur soortgelyke inligting só te organiseer dat dit op

een plek in die dokument gevind kan word. Volgens Cheek (2010:13) is daar selfs 'n wet in Pennsilvanië van krag wat vereis dat verbruikerskontrakte nie kruisverwysings moet bevat nie.

Neem die volgende voorbeeld waar kruisverwysings gebruik word:

Voorbeeld 14

BT:

2.11.2. [...] before the bank has had the reasonable opportunity, after the verbal notification in terms of clause 2.10 above [...]

DT 1:

2.13.2. [...] voordat die bank redelikerwys geleentheid gehad het om ná die mondelinge kennisgewing *waarna in klousule 2.10* hierbo verwys word [...]

In 14 word die leser terugverwys na klousule 2.10. In ander gevalle word die leser verwys na 'n klousule wat eers later in die ooreenkoms voorkom. Eerstens word die leesproses onderbreek deur die kruisverwysings en tweedens word die leser se aandag gevestig op 'n klousule wat hy/sy nog nie eers gelees of by uitgekom het nie. Die benadering wat deurgaans in die hervertaling gevolg is, is om kruisverwysings te vermy en die frase uit te skryf en deel te maak van die klousule, eerder as om dit as 'n verwysing te behou.

5.3 Algemene opmerkings

5.3.1 Woordeskat

Formele ooreenkomste is bekend vir die gebruik van tegniese terminologie, en die generiese leser ervaar dikwels probleme met die kognitiewe prosessering van hierdie tegniese woorde. In die oorspronklike vertaling word daar dikwels woorde gebruik wat eie is aan die bankwese. Die vertaler poog om met die hervertaling egter daardie woorde in gewone taalgebruik te omskryf. Voorbeelde is onder andere:

1. *Kredietsaldo*
Kredietsaldo is omskryf as 'n *positiewe balans*.
2. *Debietsaldo*
Debietsaldo is omskryf as 'n *minusbalans of wanneer daar geen geld in jou rekening is nie*.
3. *Skuldher siening*
Skuldher siening is omskryf in 'n vraagopskrif wat soos volg lui: *Het jy te veel skuld?*
4. *Debiete teen die rekening te betaal*
Debiete is vertaal as *debietorders* eerder as *aftrekorders*. Die skrywers is uit hulle ervaringswêreld van mening dat die doelleser meer bekend behoort te wees met *debietorders* eerder as *aftrekorders*, omdat die woord *debietorders* meer dikwels

gebruik word as *aftekorders*. Semanties sê *aftekorder* egter presies wat dit is en is *debitorder* moeiliker, alhoewel dit 'n hoër gebruiksfrekwensie het.

5. Kontrak teenoor ooreenkoms

Die vertaler van die hervertaling verkies *kontrak* bo *ooreenkoms*, want die woord *kontrak* het 'n onmiddellike regs konnotasie en die verbruiker weet dadelik dat dit 'n regsdokument is wat moontlik onderteken moet word. Die woord *ooreenkoms* daarenteen het nie noodwendig daardie onmiddellike konnotasie met 'n regsdokument nie. Die HAT (2009:609, 811) gee die volgende definisies:

“Kontrak” – Ooreenkoms waarby wedersydse verpligtinge aangegaan is (HAT 2009:609).

“Ooreenkoms” – Handeling wat 'n mens teenoor 'n ander bind (HAT 2009:811).

Gegewe bostaande definisies uit die HAT wat linguisties dieselfde semantiese konnotasies het, is die outeurs van mening dat die teikenleser deur sosiolinguistiese oorwegings duidelik, en hopelik vinniger, 'n regs konnotasie met “kontrak”, eerder as “ooreenkoms”, maak.

6. Transaksie, rente en skuldberader

Die woorde *transaksie*, *rente* en *skuldberader* word deurgaans in die hervertaling gebruik, maar die vertaler probeer dit in onderskeidelik klousules 4.1, 11.1 en 23.3 van die hervertaling belig deur 'n voorbeeld of 'n kort omskrywing van die betekenis van die woorde te gee om enige vrae of onduidelikheid rondom die woorde uit te klaar:

transaksie: 'n Transaksie kan byvoorbeeld 'n betaling wees wat jy maak, of dit kan 'n geval wees waar jy goedere teen 'n prys koop of verkoop;

rente: Rente is die ekstra geld wat jy moet terugbetaal wanneer jy geld geleen het, of dit is die ekstra geld wat jy by die bank verdien omdat jy jou geld in jou rekening by die bank hou; en

skuldberader: 'n skuldberader is 'n opgeleide persoon wat mense help wat te veel skuld het en nie weet hoe om dit af te betaal nie;

5.3.2 Die gebruik van afkortings

Daar is enkele gevalle waar afkortings in die hervertaling gebruik word sonder dat dit vooraf in die dokument verduidelik of omskryf word. Die rede hiervoor is dat die spesifieke afkortings oor die algemeen bekend is. Voorbeelde hiervan is *OTM* en *PIN*. Volgens Lesch (1996:9) is dit beter om eerder die afkorting te vermy en die volle woord uit te skryf. Lesch (1996) stel voor dat *geheime kode* eerder as *PIN* gebruik word en *tellermasjien* of *outobank* eerder as *OTM* gebruik word. In teenstelling met hierdie moontlike vertaalopsies soos in die middel-negentigerjare voorgestel, is die skrywers van hierdie artikel egter vandag van mening dat die gebruik van *PIN* en *OTM* met verloop van tyd so algemeen bekend geraak het dat die afkortings sonder hulle volvorme gebruik kan word.

6. Slotopmerkings

Hierdie studie bevestig dat Afrikaanse tegniese taal gekenmerk word deur moeilik-verstaanbare sinskonstruksies en ander leksikale en grammatikale konstruksies wat regsdokumente gevolglik ontoeganklik en onverstaanbaar vir leketeksontvangers maak. Regstaal is uitsluitend omdat die gebruik daarvan 'n magswanbalans tussen die regsdokument en die lekeleser tot gevolg het. Die gebruik van moeilik-verstaanbare regsdokumente in die verbruikersektor, soos onder andere leningsooreenkomste waarmee kwesbare verbruikers met gemiddelde geletterdheidsvaardighede en minimale ervaring van verbruikersooreenkomste gekonfronteer word, versterk die sosio-ekonomiese wanbalans wat tussen die diens- en produkverskaffer en die verbruiker bestaan.

Die gewonetaalpraktyk en gemeenskapsvertaling, as twee komplementerende dissiplines, streef die beginsel van maatskaplike geregtigheid van doeltreffende kommunikasie na. Hierdie artikel verteenwoordig dus 'n poging om die beginsels van beide hierdie studieveld te versoen en op 'n bankteks toe te pas deur 'n hervertaling te skep in ooreenstemming met die vertaalopdrag en 'n ontleding om dit verder te belig.

Bibliografie

- Abrahams, E. 2003. Efficacy of plain language drafting in labour legislation. MA-verhandeling, Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie.
- Baitsewe, R., L. de Stadler en P. du Plessis. 2011. Usability testing. A report on user experience of plain language within a selection of Prudential Portfolio Managers' official external documentation. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch Taalsentrum.
- Bernhardt, E.B. en M.L. Kamil. 1995. Interpreting relationships between L1 and L2 reading: Consolidating the linguistic threshold and the linguistic interdependence hypotheses. *Applied Linguistics*, 16:5–34.
- Bhatia, V.K. 1993. *Analysing genre: Language use in professional settings*. Londen: Longman.
- Botha, W. (red.). 2003. *'n Man wat beur. 'n Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk*. Stellenbosch: Buro van die WAT.
- Byrne, J. 2006. *Technical translation. Usability strategies for translating technical documentation*. Dordrecht: Springer.
- Carstens, A. 2004. Tailoring print materials to match literacy levels: A challenge for document designers and practitioners in adult literacy. *Language Matters*, 35(2):459–84.
- Carstens, A. en M. Snyman. 2003. How effective is the Department of Health's leaflet on HIV/AIDS counselling for low-literate South Africans? *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 10(1):112–36.
-

- Charrow, V. 1988. Readability vs. comprehensibility: A case study in improving a real document. In Davison en Green (reds.) 1988:85–102.
- Cheek, A. 2010. Defining plain language. *Clarity*, 64:5–15.
- Chesterman, A. (red.). 1986. *Readings in translation theory*. Helsinki: Oy Finn Lectura.
- Combrink, J. 1992. *Hoe om 'n verslag te skryf*. Kaapstad: Tafelberg
- Cornelius, E. 2010. Plain language as alternative textualisation. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 28(2):171–83.
- . 2012. 'n Linguistiese ondersoek na die verstaanbaarheid van verbruikersdokumente vir die algemene Afrikaansprekende publiek. Doktorale proefskrif, Universiteit van Johannesburg.
- . 2015. Defining “plain language” in contemporary South Africa. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 44:1–18.
- . 2016. An appraisal of plain language in the South African banking sector. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 46:25–50.
- Davison, A. en G.M. Green (reds.). 1988. *Linguistic complexity and text comprehension*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.
- DePalma, D.A. en N. Kelly. 2008. Translation of, by, and for the people. Lowell, Massachusetts: Common Sense Advisory.
- De Stadler, L.G. 2017. *An evaluation of Standard Insurance Limited's HOC policy report*. Novation Consulting. Ongepubliseerde verslag.
- Dollerup, C. en A. Loddegaard (reds.). 1992. *Teaching translation and interpreting. Training, talent and experience*. Amsterdam: John Benjamins.
- Eagleson, R.D. 1990. *Writing in Plain English*. Canberra: Australian Government Public Service.
- Esterhuyse, E. 2013. Verstaanbare vorms. 'n Lesersgerigte ondersoek na die effek van die veranderinge aan die Universiteit Stellenbosch se Afrikaanse voorgraadse aansoekvorm. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Feinauer, I. 2003. TB or not TB. The communicative success of translated medical texts in South Africa. In Botha (red.) 2003:213–27.
- Felker, D.B., F. Pickering, V.R. Charrow, V.M. Holland en J.C. Redish. 1981. *Guidelines for document designers*. Washington: American Institute for Research.
- Fine, D. 2001. Plain language communication: approaches and challenges. In Viljoen en Nienaber (reds.) 2001:17–26.
-

- Garner, B.A. 2009. *Garner on language and writing*. Chicago: American Bar Association.
- Gibbons, J. 2003. *Forensic linguistics: An introduction to language in the justice system*. Oxford: Blackwell.
- Gibbons, J. (red.). 1994. *Language and the law*. Londen: Longman.
- Howe, J. 2008. *Crowdsourcing: Why the power of crowd is driving the future of business*. Londen: Random House.
- Hunt B. 2003. Plain language in legislative drafting: An achievable objective or a laudable ideal? *Statute Law Review*, 24(2):112–24.
- Kimble, J. 1992a. Plain English: A charter for clear writing. *Thomas M. Cooley Law Review*, 9:1–58.
- . 1992b. Plain English: A charter for clear writing. Part one. *Michigan Bar Journal*, 71:1064–7.
- . 1992c. Plain English: A charter for clear writing. Part two. *Michigan Bar Journal*, 71:1190–4.
- . 1996. Notes toward better legal writing. *Michigan Bar Journal*, 142:1072–5.
- Knight, P. 1997. Clearly better drafting: Testing two versions of the South African Human Rights Commission Act, 1995. *Clarity*, 38:8–12.
- Krüger, A. (red.). 1992. *Changes in the translating domains*. Pretoria: Unisa Press.
- Lesch, H. 1996. Wie gebruik 'n OTM? *SAVI-Bulletin*, 6:9.
- . 1999. Gemeenskapsvertaling in Suid-Afrika. Die konteks van die ontvanger as die normeringsbeginsel. Doktorale proefskrif, Universiteit van die Wes-Kaap.
- . 2009. Die ontvanger as normeringsbeginsel vir die lesergerigte vertaalteks. *Acta Academia*, 41(1):144–63.
- . 2012. *Gemeenskapsvertaling in Suid-Afrika. Die konteks van die ontvanger as die normeringsbeginsel*. Stellenbosch: African SUNMeDIA.
- . 2014. Vertaalpraktyke in die sosiale media: 'n Verbeterde vertaalteks vir 'n virtuele gemeenskap? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(1):130–42.
- Luttig, L. 2003. Die tekskwaliteit van vertaalde mediese tekste met Afrikaans as doeltaal. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Malley, Y. 1994. The language of the law. In Gibbons (red.) 1994:11–50.
-

- Malmkjaer, K. en K. Windle (reds.). 2011. *The Oxford handbook of translation studies*. Oxford: Oxford University Press.
- Nida, E. en C.R. Taber. 1982. *The theory and practice of translation*. Leiden: Brill.
- Nienaber, A. 2001. The accessibility and comprehensibility of South Africa's Bill of Rights: An empirical study. *De Jure*, 34(1):113–5.
- Nord, C. 1992. Text analysis in translation training. In Dollerup en Loddegaard (reds.) 1992:39–48.
- . 1997. *Translation as a purposeful activity. Functionalist approaches explained*. Manchester: St. Jerome.
- . 2005. *Text analysis in translation: Theory, methodology and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. 2de uitgawe. Amsterdam: Rodopi.
- . 2006a. Translation as purposeful activity. A prospective approach. *TEFLIN Journal*, 17(2):131–43.
- . 2006b. Translating for communicative purposes across culture boundaries. *Journal of Translation Studies*, 9(1):43–60.
- Odendal, F.F. en R.H. Gouws 2009. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*. Kaapstad: Pearson.
- Pienaar, M. 2006a. Die sekuriteitswag, my finansiële adviseur. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 43(1):135–45.
- . 2006b. The use of plain language – not that simple. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 36(1/2):146–50.
- Pienaar, M. en S. Slabbert. 2002. Determining the appropriate code in a South African business environment. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 20(4):263–70.
- PLAIN (Plain Language Action and Information Network). 2011. *Federal Plain Language Guidelines*. Maart; hersiening 1 Mei. <https://plainlanguage.gov/media/FederalPLGuidelines.pdf> (23 Oktober 2017 geraadpleeg).
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Pretorius, E.J. en D.M. Mampuru. 2007. Playing football without a ball: Language, reading and academic performance in a high-poverty school. *Journal of Research in Reading*, 30(1):38–58.
- Rheingold, H. 2000. *The virtual community: Homesteading on the electronic frontier*. Cambridge, MA: MIT Press.
-

- Reiss, K. en H. Vermeer. 1984. *Grundlegung einer allgemeinen Translationstheorie*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.
- Schriver, K.A. 1997. *Dynamics of document design*. New York: John Wiley & Sons Inc.
- Siebörger, I. en R.D. Adendorff. 2012. Can contracts be both plain and precise? *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 29(4):483–504.
- Siegrühn, A. 1992. Community translation. In Krüger (red.) 1992:33–5.
- StatsSA. 2016. Sensus. *Huishoudelike opname*. Pretoria: StatsSA.
- Stewart Smith, A. 1999. A linguistic and discourse analysis of legal language: The right to understand legal texts and methods of rewriting them. Doktorale proefskrif, Universiteit van Kaapstad.
- Taibi, M. 2011. Public service translation. In Malmkjaer en Windle (reds.) 2011:214–27.
- Taibi, M. en U. Ozolins. 2016. *Community translation*. Londen: Bloomsbury.
- Toury, G. 1980. *In search of a theory of translation*. Tel Aviv University: The Porter Institute for Poetics and Semiotics.
- Van Schouwenburg, R.B. 2004. Die implementering van taalbeleid aan finansiële instellings. MA-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.
- Vermeer, H. 1986. Skopos and commission in translational action. In Chesterman (red.) 1986:173–87.
- Viljoen, F. en A. Nienaber (reds.). 2001. *Plain legal language for a new democracy*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Zhang, J. 2007. On translation variation theory. M-verhandeling, Universiteit van Ningxia's, Beijing.

Wette

- Maatskappywet 71 van 2008. <http://pmg-assets.s3-website-eu-west-1.amazonaws.com/bills/090408a71-08.pdf> (3 November 2015 geraadpleeg).
- Nasionale Kredietwet 34 van 2005. <http://www.thenct.org.za/wp-content/uploads/2017/07/nca.pdf> (20 Oktober 2015 geraadpleeg).
- Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008. <http://www.thenct.org.za/wp-content/uploads/2017/07/cpa.pdf> (20 Oktober 2015 geraadpleeg).

Eindnotas

¹ *Generiese leser/verbruiker* verwys na die gewone man op straat – die leek met beperkte kennis oor ’n bepaalde veld of dissipline. Dit behels verder dat die generiese leser se taalvermoëns beperk is en dat ’n toeganklike vertaalteks benodig word.

² Die artikelskrywers het om verstaanbare redes besluit om die besonderhede van die betrokke bank nie in die artikel te vermeld nie.

³ Ons verwys graag na Cornelius (2012) vir omvattende werk oor gewone taal. Verder volstaan ons met die onderstaande twee definisies van gewone taal (“plain language”):

In short it is the opposite of gobbledegook and of confusing and incomprehensible language. Plain English is clear, straightforward expression, using only as many words as are necessary. It is language that avoids obscurity, inflated vocabulary and convoluted sentence construction. It is not baby talk, nor is it a simplified version of the English language. (Eagleson 1990:4)

[P]lain language [is] accessible, user-friendly, understandable and informative. It is characterised by a lucid and well-organised structure; by a clear and user-friendly layout and design for written materials and visuals. When spoken, it is presented with back-ups and appropriate and user-friendly tone and body language. (Fine 2001:19–21)

⁴ Daar is basies twee standpunte ten opsigte van gemeenskapsvertaling. Volgens die eerste standpunt is die brontekstleser (BT-leser) en die doeltekstleser (DT-leser) nie noodwendig op dieselfde geletterdheidsvlak nie (Lesch 2009; 2012; 2014). Hierdie perspektief fokus op daardie deel van die samelewing wat uitgesluit is van die hoofstroomontwikkeling. Taibi en Ozolin (2016) sluit ook hierby aan in hulle definiëring van gemeenskapsvertaling. In wese is dit ’n vertaalaktiwiteit wat gerig is op die prioriteite van die gemeenskap. Onder meer kan die volgende tipes onderskei word:

- i. ’n Nieparallele vorm van vertaling, waar die BT-leser hoër geskool is as die potensiële DT-leser.
- ii. ’n Parallele vorm van vertaling van gemeenskapstekste, waar die BT-leser en DT-leser talig op dieselfde vlak is; vgl. veral instansies wat dienste aan die gemeenskap lewer, soos die poskantoor, banke, hospitale, vakbonde, ens.
- iii. Die gemeenskapsvertaalbenadering, ’n vertaalbenadering waar die behoeftes van die talig benadeeldes geprioritiseer word. Binne so ’n benadering kan onder meer terme en begrippe in die DT omskryf en verklaar word, alhoewel dit nie die geval in die BT is nie.

Binne die konteks van hierdie artikel word aan bostaande standpunt voorkeur verleen.

’n Tweede standpunt is dat internetgebruikers saamspan binne die spangees van ’n “virtuele gemeenskap” – die kollektief van mense wat in sosiale interaksie verkeer of van aanlyn hulpbronne gebruik maak (Rheingold 2000). Vir hierdie vertaalhandeling gebruik Howe (2008) die terme *crowdsourcing* en *crowdsourced translation* (massadeelvertaling). Daar word gesteun op die insette van die virtuele massa om die vertaling te doen. Dit is ’n vertaalmodel waar medewerkers, wat nie noodwendig ’n vertaalagtergrond het nie, gebruik

word in plaas van, of in samewerking met, professionele vertalers. DePalma en Kelly (2008) noem hierdie vertaalhandeling *gemeenskapsvertaling*.

⁵ Om praktiese redes (omdat dit te lank is) word die volledige BT, DT1 en DT2 nie in 'n addendum ingesluit nie, maar dit is beskikbaar indien die leser insae daarin wil hê.

⁶ Die numerering van die BT-dokument verskil van dié van die bestaande DT.

⁷ Die misindeks soos bepaal deur die sinslengte en meerlettergrepige woorde bied volgens Combrink (1992, Bylae 3:2) die volgende skaal vir die evaluering van algemene tekste: 5: taamlik maklik; 7 of 8: standaard; 9–11: taamlik moeilik; 12–15: moeilik; 16+: baie moeilik.

⁸ Sien ook Lesch (2012:159) vir opmerkings oor norme vir gemeenskapsvertaling.

⁹ Sien in hierdie verband die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 en die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008, asook die Maatskappywet 71 van 2008.